*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*In die party-politiek word aandag aan sake gegee wat waardevol vir propaganda is.*




*In die Ossewa-brandwag word aandag aan sake gegee wat waardevol vir die volk is.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 11 NOVEMBER 1942. No. 1.

# Duidelike Tekens van Ossewabrandwag se Toenemende Kragontplooiing

**Vir elkeen wat nie blind vir feite wil wees nie, sal dit teen hierdie tyd duidelik geword het dat die Ossewabrandwag vinnig besig is om na 'n jaar van venynige aanvalle teen hom weer die posisie in te neem wat hy voor die skeuring verlede jaar in die Afrikaanse volkslewe beklee het.**

Talle Afrikaners wat hulle nie laat mislei het deur die verdagmakende propaganda-veldtog van die demokratiese partye nie, maar nogtans so moedeloos was oor die oënskynlike vernietiging van 'n kragtige volksbeweging, begin nou insien dat die Ossewabrandwag nie dood is nie, maar sover dit innerlike krag betref veel sterker staan as voor die stryd. Hierdie mense begin vandag weer terugkeer en die stroom word nog altyd sterker.

**Volgens 'n verklaring van genl. J. D. Jerling, A.K.G. van Transvaal, is in daardie provinsie in 'n enkele maand meer as twintigduisend lidmaatskapkaarte uitgereik. Genl. Jerling gee dan ook die versekering dat die O.B. in Transvaal minstens ses maal sterker is as die H.N.P.**

As gelet word op die bywoning van vergaderings en daarby in aanmerking geneem word dat die Ossewabrandwag geen sterk dagbladpers het om sy vergaderings te adverteer nie, behoort die opkomste reeds genoegsaam te getuig van die O.B. se meerderwaardigheid. Onlangs by voorbeeld, het dr. Malan na maandelange propaganda deur middel van sy pers 'n openbare vergadering in Pretoria gehou by geleentheid van die Uniale kongres. Tesame met die 1,100 afgevaardigdes uit alle dele van die land, kon die volksleier van die party nie daarin slaag om meer as drieduisend mense in die hoofstad saam te trek nie — en amptenare kan partyvergaderings strafloos bywoon, wat nie die geval is met O.B.-vergaderings nie. **'n Week na dr. Malan se vergadering het dr. Van Rensburg in Pretoria meer as tienduisend mense toegespreek met drie dae kennisgewing.**

In Noord-Transvaal het 'n paar offisiere onlangs meer as 600 mense in 'n bepaalde wyk toegespreek terwyl twee Parlementslede en 'n Provinsiale Raadslid van die H.N.P. in dieselfde wyk nie eens 100 belangstellendes kon trek nie. **So moes genl. Kemp, mede-leier van die party in Transvaal ook onlangs tevrede wees toe 87 ondersteuners op Wolmaransstad (sy kiesafdeling) na hom geluister het en op Klipdrift 'n skamele sewe.** Op Heilbron kon die organiserende sekretaris van die party net 24 mense verlede maand toespreek.

Dit is beslis 'n feit dat dr. Malan sy eie party baie meer skade aangedoen het as die O.B. In Kroonstad by voorbeeld is die Wolwefontein-tak wat 25 jaar lank bestaan het, heeltemal dood en van die tak van Heuningspruit se 144 lede het nog net 24 oorgebly wat vandag sonder plaaslike leiers sit. 'n Ander tak wat onder voorsitterskap van mnr. Pretorius oor die 700 lede getel het, het geheel en al verval. Mnr. P. R. Botha se tak van vyftig lede is so uitgedun dat daar nog net drie gesinne met ses lede oorgebly het. Dit is wat Kroonstad betref.

Weliswaar spog partysekretarisse nog met groot ledelyste, **maar hulle verswyg die feit dat meeste O.B.-lede nog nie uit die party bedank het nie, en dat tienduisende van daardie name op die partylys ook lid van die Ossewabrandwag is.**

Volgens inligting wat ons tans bereik het die groot vergaderings van die Kommandant-generaal in Kaapland ook nuwe besieling gebring. Op Beaufort-Wes het 'n skare geesdriftiges tot na middernag op hom gewag nadat hy langs die pad teenspoed met sy motor gehad het. Mnr. Eric Louw, wat volgens verslag van Die Burger nie op die vergadering teenwoordig kon wees nie, vertel vir die waarheid dat daar glo nog leë plekke in die stadsaal was!

So vrugbaar was die vergadering op Heidelberg onlangs dat baie persone begerig geword het om hul kragte weer in te werp. Veldkt. Tys Swart van Bredasdorp het die hoop uitgespreek om binnekort weer 'n sterk eenheid in Bredasdorp op die been te hê. **Na die vergadering in Ladismith het talle persone aansoek gedoen om weer opgeneem te word as lede. Ook op Ceres is hierdie terugkeer geopenbaar nadat dr. Van Rensburg 'n baie mooi en ordelike vergadering van bykans duisend mense toegespreek het.** Die offisiere van Ceres verdien dan ook alle lof vir die wyse waarop hulle die vergadering laat plaasvind het. Die O.B.-orkes was by die geleentheid ook aanwesig. **As by dit alles in aanmerking geneem word dat veldm. Smuts dit nodig geag het om onlangs teen 'n Ossewabrandwag-diktatuur te waarsku, is dit heeltemal duidelik dat hierdie magsvertoon van die Ossewabrandwag ook deur sy vyande gesien en gevrees word.**

## STAAN SAAM!

**Weens die verskerpte optrede van die Regering teen Afrikaners word daar tans geweldige eise gestel aan die fondse vir hulpverlening aan afhanklikes, en die bedrae wat maandeliks uitbetaal word, beloop honderde ponde. Dit is daarom van die uiterste belang dat die O.B. se Noodhulpfonds sterk gehou moet word, en tensy die volk spesiale pogings aanwend om die uitbetalings aan te vul, bestaan die gevaar dat ons fondse uitgeput kan raak. Wat dit sal beteken vir die honderde vroue en kindertjies wat vaderloos sit, kan ons, wat nog sonder sorge die kop op die kussing neerlê, nie vir ons inbeeld nie.**

**In die Ossewabrandwag het ons 'n eed geneem dat ons ons mede-Afrikaner nooit in die steek sal laat nie. Honderde Afrikaners het reeds in die gevangenis beland omdat hulle groter ywer vir die vryheid aan die dag gelê het as ons wat nog vry loop. Die gedagte aan hul afhanklikes daarbuite verskerp hul smart en dit is ons plig om daardie leed te versag.**

**Waar hoofgenl. Jurgens Schoeman £100 beloof het as ander Afrikaners of groepe van Afrikaners nog £2,000 bydra, wil ons hoop dat elke O.B.-lid dit sy plig sal ag om daardie bedrag en nog baie meer in te samel.**

**Ons volk verkeer in nood en ons sal moet saamstaan of afsonderlik ondergaan.**

## JOHANNES BERGH

**Op 1 November is W. J. Bergh, 'n tweede jaar-mediese student aan die Universiteit van Kaapstad en lid van die Studentekommando, op tragiese wyse deur 'n haai gedood onderwyl hy by Clifton gebaai het. Hy was die enigste seun van mnr. en mev. W. J. Bergh van Upington.**

**Die O.B. wil sy innige meegevoel betuig aan die ouerpaar met hul swaar verlies.**



**O.B.-MUSIEKBUNDELS**

2/6 elk, 3/6 insluitend 'n portret van die Kommandant-generaal.

Bevat die

OSSEWABRANDWAG-LIED

**O. B. Almanak vir 1942**

'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.

Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.

Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.

PRYS 9d. POSVRY

6/- PER DOSYN

Bestel van

O.B.-HOOFKWARTIER,

Voortrekkersgebou 403, Johannesburg

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodigdhede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*

## „SKOOL" VIR DIENSLAEROFFISIERE

Een van die Randse generaalskappe het daartoe oorgegaan om gereeld die bevelvoerende offisiere van dienslaers in die generaalskap spesiaal te onderrig in die uitvoering van hul taak.

Genl. G. Puren het een van sy offisiere, hfkmdt. dr. P. J. Bothma, aangewys as die verantwoordelike offisier vir die reëling van dienslaerwerksaamhede binne die generaalskap. Hoofkommandant Bothma het dadelik heengegaan en 'n soort „opleidingskool" vir dienslaeroffisiere ingestel ten einde te verseker dat daar eenvormigheid sal wees wat betref die vertolking van die dienslaerstukke en die toepassing van die gedagtes.

Elke maand, sodra die dienslaerstuk wat vir die maand behandel moet word, in „Die O.B." verskyn het, roep hy sy offisiere byeen en dan word die betrokke stuk verduidelik en deeglik bespreek sodat elke offisier daarmee op hoogte is en daar nie verskillende interpretasies aan geheg kan word nie.

**Hfkmdt. Bothma vind dat die skema uitstekend werk en dat die offisiere geweldig veel baat daarby vind. Hierdie „skool" word geesdriftig bygewoon en die besprekings is baie vrugbaar.**

Hierdie voorbeeld is bepaald navolgingswaardig in elke generaalskap waar dit enigsins uitvoerbaar is, veral in die stede en groter dorpe.

## O.B. WAKKER IN PIETERSBURG

Op 15, 16 en 17 Oktober is vergaderings van O.B.-lede toegespreek deur hoofgenl. H. L. Neethling en komdt. J. A. Meyer van Nylstroom, en komdt. Van Zyl van Pietersburg, op Bodensteinshoop, Sandrivier, Platklipfontein, Denron, Doornrivier en buite die dorp Pietersburg. Die geesdrif was groot en oor die 600 lede was teenwoordig op hierdie vergaderings, wat baie gunstig vergelyk met gaderings van die H.N.P. wat gehou is deur mnre. J. F. T. Naude, L.V., J. J. Serfontein, L.V. en M. D. C. de Wet Nel in dieselfde wyke net vantevore, waar daar altesaam nie eens 100 mense teenwoordig was nie. Hoofgenl. Neethling het die doel van die O.B. uiteengesit en inligting verskaf op vrae. Hy het gesê dit is onsinnig van die H.N.P. om O.B.-lede in die ban te doen, daar dit die Party is wat kandidate stel vir verkiesings en nie die O.B. nie. Hy het 'n beroep op die Party gedoen om goedgesinde kandidate te stel om sodoende die O.B. 'n kans te gee om hul stemme uit te bring. Fondse is ook ingesamel met die doel om die O.B.-blad te koop.

VOLKSKAS IS U EIE BANK!

*Fondse oorskry £2,300,000*

**Volkskas (Koöperatief) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:

VOLKSKAS-gebou,

Sentraalstraat,

PRETORIA

Die Volk se Bank.

**Somerjassies**

IN SY (uitgevoer)

en

SWAARLINNE,

is baie populêr

*Koop dit by*

**Steyns**

PAROW

Die Skiereilandse Moderne Afrikaanse Dames-Modiste

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

VAN VROEG TOT LAAT — ALTYD — U BESTE MAAT — OP SY POS

TABAK

VOORBRAND PRODUK

*Kersfeeskaarte!!*

Met die OSSEWABRANDWAG-WAPEN in Kleure

INSLUITENDE KOEVERTE 5/- PER DOSYN (posvry) Kontant met bestelling.

*WEENS SKAARSTE VAN PAPIER IS DAAR NET 'N BEPERKTE VOORRAAD VERKRYGBAAR*

*Bestel onmiddellik!! en voorkom teleurstelling!!*

Bestel deur: **O.B.-Hoofkwartier**

916 GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD.

**La Belle Alliance**

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

*alle moderne geriewe*

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

*Ons ontmoet alle Treine.*

Kloofstraat, KAAPSTAD.

## GELOFTE WORD NAGEKOM OP BEAUFORT-WES

Onderstaande oproep is deur hoofgenl. C. J. D. Mocke van Beaufort-Wes gedoen na aanleiding van die besluit van die verantwoordelike Afrikaners aldaar om weens die groot verdeeldheid geen fees vanjaar op 16 Desember te hou nie.

Geagte Volksgenote, ,,die gelofte van Andries Pretorius en sy mense aan hul God op 16 Desember 1838, is namens die Afrikanervolk, namens u en my en ons almal en die wat na ons kom, gedaan, want hulle het opgetree namens toekomstige geslagte sowel as hulle eie.'' (Adm. J. F. J. van Rensburg 1936).

In hierdie gees en sin sien die Ossewabrandwag 16 Desember.

Die huidige verdeeldheid van ons Volk onthef ons nie van ons plig om ons gelofte aan God na te kom nie en om ,,die dag en datum elke jaar als een verjaardaag en een dankdag zoals een sabbat in Zyn eer sal doorbrengen.''

,,Ek het 'n twissaak met my broer,'' sal geen antwoord wees op die vraag, ,,Waarom verbreek jy jou Gelofte aan My?''

Die Ossewabrandwag vorder dus op alle offisiere en brandwagte van die generaalskap van generaal H. du Toit en aangrensende kommando's van die hoof-generaalskap van hoofgeneraal C. P. D. Mocke, waar nie self feesgevier word nie, om die middag van 15 Desember 1942 na Beaufort-Wes te kom en mee te doen in die viering van Dingaansdag op Woensdag, 16 Desember 1942.

Die Ossewabrandwag nooi al ons volksgenote uit wat nie onder die geledere van die Ossewabrandwag val nie, om die dag saam met ons te kom ,,gedenk.'' Ons vra u om as ,,Kinders van die Trek'' die gelofte van die Vadere te herdenk en nie u twissaak met u broer te onthou nie.

Volksgenote, binne en buite die Ossewabrandwag, juis omdat ek 'n ,,twissaak met my broer het,'' laat ons opkom en 16 Desember deurbring tot die eer van die God van ons Vaders, en daardeur getuig, ten aanhore van ons vyande wat lag oor ons magtelose verdeeldheid, dat ons as organiese Volkseenheid nog ons God, ons Volk, ons Land en ons voortbestaan groter ag as ons onderlinge verskille en geskille.

Laat elkeen wat hom Afrikaner noem opkom na Beaufort-Wes en die Gelofte wat ons vadere afgelê het, in ere hou. Ons erf nie alleen ons vadere se roem en eer nie, ons erf ook hul verpligtinge.

Volksgenote, Kom Almal.!

Volgens die program sal daar die middag van die vyftiende laergetrek word. Feesgangers moet vir alles self sorg behalwe water en hout wat op die terrein verskaf sal word. Die versoek is dat soveel as moontlik Voortrekkerdrag gedra moet word, maar die wat nie het nie is welkom. Jukskei en volkspele sal ook gespeel word.

Volksgenote van die dorp word ook hartlik uitgenooi om saam te gaan uitkamp. Almal wat aan die laertrekking wil deelneem, moet asb. in verbinding tree met komdt C. P. van der Westhuizen, Charmaine, Beaufort-Wes.


A F R I K A N E R S

Dis nie genoeg om jul mede-Afrikaners met woorde aan te moedig nie, ondersteun hulle met dade en stuur al jul produkte, vrugte en pluimvee aan die bekende markagente

**G. C. DU PLESSIS EN KIE.,**
MÔREMARK, JOHANNESBURG.

Hoogste pryse, eerlike behandeling en onmiddellike afrekening gewaarborg.

Posbus 2817.
Telegrafiese Adres: ,,Duplesko.''
Bankiers: Volkskas, Johannesburg.

**SASBANK**
Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

**BELÊ U GELD**
waar dit van
**3½% tot 5%**
rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u
EIE VOLKSBANK
**SPOORBONDKAS BEPERK**
Posbus 8289. Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

**KERSFEES-VAATJIES**

'N 30-BOTTEL VAATJIE HEERLIK SOET OU WYN VIR 50/-, DIT SLUIT RYLOON IN NA ENIGE UNIE-STASIE PER GOEDERETREIN. STUUR DIE VAATJIE TERUG EN U KRY 13/- TERUG.

Vra vir ons volle pryslys.

KONTANT MET BESTELLING OF K.O.A.

BRINK BROS. BEPERK - - - - - - Montagu.

**DE KOCKS se GARAGE**
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar: D. D. DE KOCK*
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
*TOT U DIENS!*
V.M.K. AANBEVEEL.

**W. VOIGT BPK., HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*
*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.
**Posbus 10, Hugenoot.**

**Schoemannello-Drank**
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| WYNE: | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| BRANDEWYNE: | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| JENEWER | 6/- | 5/- | — |
| LIKEURS: | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| JENEWER LIKEURS: | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN
**JURGENS SCHOEMAN**
POSBUS 142, OUDTSHOORN.

**SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.**
DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.
V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:

Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—
DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKBESTUURDER Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

DIE O.B., WOENSDAG, 11 NOV. 1942.

# Een Jaar se Rekord

Toe *Die O.B.* 'n jaar gelede sy eerste verskyning gemaak het, moes dit in die eerste plaas dien as middel om die bestaan van die Ossewabrandwag te verdedig teen 'n blitskryg wat twee maande tevore deur die leier van 'n nasionale party met volmaakte oorlogsprosedure van stapel gestuur was. Die stryd moes ,,kort van duur en beslissend" wees, so het die oorlogverklaarder die Afrikanervolk tot onderlinge uitdelging aangespoor.

Die oorsaak van die stryd, soos omskryf in die voorwendsels wat die werklike motief moes verdoesel en verberg, was dat sekere partypolitici in die loop van 'n paar weke ontdek het dat die nuwe leier van die Ossewabrandwag (hy was dit toe al ses maande lank) ,,nog al die jare" 'n vyand van die ,,Afrikanerdom se enigste party" was — ondanks die feit dat dieselfde O.B.-leier kort tevore deur die ,,Afrikanerdom se enigste party" versoek was om as kandidaat vir dié party in Winburg te staan en ook formeel genader was om die party se saak in Fauresmith te gaan verdedig as Nasionale kandidaat; en verder die privaat sekretaris was van die Transvaalse leier van genoemde party en dat hy deur dieselfde party aangestel was as hoof van 'n staatsdepartement. Daar is skielik ontdek dat die O.B.-leier met veldmaarskalk Smuts skakel in 'n gemeenskaplike stryd teen die nasionaal-sosialisme, dog in dieselfde tydbestek van twee of drie weke is ook ontdek dat die O.B.-leier 'n uitgesproke nasionaal-sosialis is en dus met Hitler skakel; kort daarna is die verdere ontdekking gedoen dat hy 'n plan het om teen sy mede-skakel Smuts te rebelleer en is die volk gewaarsku dat hy op 'n bloedbad afstuur.

**Die Vreemde.**

Omdat die Ossewabrandwag 'n Christelik-nasionale konsepgrondwet gepubliseer het wat die partyleier as geheim beskou het wat hy vir die volk verborge moes hou, is die Ossewabrandwag toe beskuldig dat hy ,,vreemde stelsels" wil invoer, **en dit ondanks die feit dat die Ossewabrandwag juis die partystelsel wat 'n ingevoerde Britse stelsel is, met wortel en tak wil uitroei.**

Ten einde met sulke metodes te slaag om 'n beweging uit te delg, is dit nodig dat die stryd inderdaad kort van duur moet wees, want die leuens is 'n naelloper wat net op 'n kort afstand kan presteer. Die bedoeling was dan ook dat die losgelate leuens die Ossewabrandwag katswink sou slaan in die paar maande voor die vrede sodat dit die party kan wees wat in die Republiek gaan regeer en nie miskien die Ossewabrandwag nie — **want vir beroepspolitici wat hul lewensbestaan maak uit hul deelname aan die landsregering, soos 'n boer dit maak uit sy boerdery, is dit van eersterangse belang dat hulle sal regeer en van ondergeskikte belang dat die volk sy vryheid kry, want hy wat vandag Sy Majesteit se Opposisie is, kan môre weer Sy Majesteit se regering word.**

Rusland het egter langer weerstand gebied as wat die oorlogverklaardes teen 'n republikeinse vryheidsbeweging bereken het, en daar moes toe gesoek word na wapens wat 'n duursamer uitwerking sou hê. **Hierdie wapen is gevind in die geregtelike vuis van die Empire-regering.** Die Ossewabrandwag en sy leiding is voor die Regering aangekla as 'n rampokkerbende wat moord en misdaad pleeg, in die hoop dat die Smutsbewind die republikeinse volksbeweging van die Afrikanerdom in die ban sal doen en sy leiers van die terrein verwyder.

**Aanklagte.**

Die ,,volksleier" het toe op die Paarl met onthullinge oor rebellieplanne en binnekringe gekom **en die vrugte van sy inspanning kon hy kort daarna pluk toe 'n paar Afrikaners in**

*(Vervolg in kolomme 2 en 3)*

**Noord-Rhodesië gestraf en verban is met spesiale verwysing na die onthullings van die Leier van die Opposisie in die Unie.**

In die Parlement het hierdie ,,volksleier" 'n beëdigde verklaring voorgelees waarin die O.B.-leiers van aanhitsing tot moord beskuldig word, **en het daarmee oor die vloer van die raadsaal gestap om dit persoonlik in die hande van die Minister van Justisie te oorhandig.** Nog het die Ossewabrandwag bly staan, want die dokument was so vol teenstrydighede dat selfs die Minister van Justisie met sy oorlopende ywer teen Afrikaners blykbaar geen kans gesien het om daarkragtens op te tree nie.

Die ,,volksleier" het daarop nogmaals by die Regering ingetree vir die dood van die republikeinse volksbeweging **deur sy leiers aan te kla van hoogverraad.** ,,Die Ossewabrandwag besit 'n geheime sender waarmee hy inligting na Duitsland stuur," het dit gelui uit die mond van hierdie volksman. **En in Pretoria het sy kongres die aanklag formeel bewoord met die volgende voorstel: ,,Ons vra die Regering om die geheime senders op te spoor en uit te delg," en sy pers het die Regering selfs beskimp omdat hy nie met die verantwoordelikes ,,afreken" nie! En êrens in 'n O.B.-leër staan hierdie mense se naamtekening nog onder die gelofte: ,,Ek sal my mede-Afrikaner nooit aan die vreemdeling of vyand uitlewer nie".**

**Geweld.**

Die Regering is moontlik nog besig om uitvoering te gee aan die skriftelike versoek van Sy Majesteit se Opposisie en daar kom die ,,volksleier" nou op Beaufort-Wes weer met die beskuldiging dat die Ossewabrandwag geweld en sabotasie pleeg **en hy wys met die vinger na die Kommandant-generaal as die man ,,wat duidelik laat sien dat die pad wat hy wil sien, die van geweld is"!**

In die jaar van sy bestaan het *Die O.B.* beleef hoe sogenaamde republikeine 'n republikeinse volksbeweging beskuldig dat hy met die Empire skakel en hoe in dieselfde jaar hierdie ,,republikeine" die Empire-regering formeel versoek en aanhits om die republikeinse volksbeweging met behulp van die Empire-magte te vernietig. Ja, in hierdie jaar van sy bestaan het *Die O.B.* ondervind tot watter peil die partypolitiek in staat is om te daal en het hy geleer dat beroepspolitici bereid is om hul broers voor die vuurpeloton te laat sleep as daarmee 'n denkbeeldige struikelblok op weg na ,,die kussings" verwyder kan word. **Want die oorsaak van die stryd is nie geheime senders of republikeinse grondwette nie, maar die eenvoudige feit dat die volk in sy bewuswording van die vreemde partystelsel hom gekeer het tot die eie geskiedkundige volksbeweging en dat hy sy liefde getoon het in sy opkomste van dertigduisend, veertigduisend en selfs vyftigduisend waar die aanblasers van broederstryd en partyskappe tevrede moes wees met duisend, tweeduisend en drieduisend op hul vergaderings.**

,,Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende" — en Dawid moes sterf.

# Die Teenkant

Onderwyl die Ossewabrandwag in die afgelope jaar die stuiptrekkings van die Britse demokratiese partystelsel van die kant van beroepspolitici moes ondervind en onderwyl die demokrate hulself vermoei het om die republikeinse volksbeweging uit te delg, het *Die O.B.* gehelp om geskiedenis te skryf wat deur die Ossewabrandwag gemaak word. In die afgelope jaar van ons blad se bestaan het die vryheidstrewe van die Afrikanerdom konkrete vorm aangeneem binne die Ossewabrandwag. Na veertig jaar van stryd met die kniehalter van die Britse partystelsel het ons volk onder leiding van die Ossewabrandwag hom losgemaak van die Britse vegmetodes en teruggekeer tot die volksbeweging wat in ons verlede nog altyd die deurslag in ons vryheidstryd gegee het. In hierdie jaar het ons die mondigwording van 'n selfstandige volksbeweging in die persoon van die Ossewabrandwag aanskou.

In hierdie jaar het die innerlike losmaking van die Boerevolk uit die Britse Ryk en wat daarmee saamhang, plaasgevind en die uiterlike tekens van daardie losmaking is in *Die O.B.* aanskoulik gemaak — die Manifes van die Grootraad wat aanhoudende weerklank gevind het en nog vind in die buiteland. Hierdie geskiedkundige dokument wat in die toekoms as die sweepslag van die tweede Groot Trek sal weerklink, is in ons blad vir die nageslag bewaar.

In hierdie jaar is die bouplan van ons toekomstige volkstaat ook deur die Grootraad aangevoor en deskundiges op al die terreine van die volkslewe is nog besig met hierdie belangrike werk. Reeds kon *Die O.B.* dele daarvan bekend maak en vir die volk is dit al moontlik om sy eiendom duidelik te onderskei van die puinhope van 'n vreemde verlede.

In hierdie jaar het *Die O.B.* ook sy deel bygedra om die gedagte van 'n nuwe ontwaking waarin gesoek word na die dinge wat skoon en edel en waar is, in ons volksbewussyn in te plant, en al sou daar in die komende jaar storms losbars oor ons vaderland, die saad van daardie positiewe ideaal sal met geen geweld meer uitgeroei kan word nie. Die ideaal van ons vrye Republiek waarin elke lid van die Boerevolk deur 'n lotsgemeenskap aanmekaar gebind sal wees het in die gees van ons volk reeds werklikheid geword; dit is nog net die formele proses wat op voltooiing wag — en ons wag met kalme versekerdheid daarop, want die worsteling van die sterwende ou orde mag lank wees en gepaard gaan met al die bittere venyn wat uit sy gewetenlose hebsug en selfsug druip, ons weet dat die oorwinning aan die toekoms behoort, en die toekoms behoort aan ons.

**AANDAG!!**

BRANDWAGTE EN VRIENDE TREE AAN NA 'N

**FUNKSIE**

WAT GEHOU WORD TE

**UTRECHT**

op

**Saterdag, 28 Nov. 1942**

op die

**TENTOONSTELLINGTERREIN**

met die koms van die

KOMMANDANT-GENERAAL.

Deelnemers aan Perdekommando en motorstoet moet hulle aanmeld by die betrokke offisiere om 9 v.m. by die invalplek by die dorpshek op die pad

**UTRECHT-VRYHEID.**

Veldkornet J. W. de Jager, Bus 9, Utrecht (Foon 540) en/of Brandwag J. C. van Rooyen moet in kennis gestel word wie almal die K.G. wil gaan ontmoet met die perdekommando. Meld indien moontlik die kleur van perde wat gery gaan word.

**PROGRAM**

9.30 v.m.: ONTMOETING VAN K.G. BY INVALPLEK.
10.30 v.m.: OPENING VAN FUNKSIE.
11.30 v.m.: TEE, KOFFIE, KOELDRANKE, LEKKERNYE.
1 n.m.: VLEISBRAAI.
3 n.m.: TOESPRAAK DEUR DIE

K.G. DR. J. F. J. VAN RENSBURG.

116 Takke 41,000 Lede **AVBOB** Reserwe-fonds £113,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

Ondersteun ons Adverteerders

# *Die Afvaardiging by die Vredestafel — Droomgesig i/s Dr. Malan se Metode*

Verlede week het ek 'n gesprek gehad met 'n goeie republikein wat nog aan die partystelsel glo om vir ons 'n republiek te bring. Hy het verklaar dat die republiek op twee maniere verkry kan word, naamlik deur middel van 'n verkiesing of deur middel van onderhandeling ná die oorlog.

Ek het hom toe gevra of hy reken dat genl. Smuts 'n verkiesing sal hou as hy nie honderd persent seker van 'n oorwinning is nie. Hy kon daar nie by verbykom nie, en sê dat hul ander metode darem nog oorbly, naamlik dat hulle 'n deputasie na Europa gaan stuur om by die vredestafel te gaan onderhandel vir 'n republiek. Daarvoor, het hy beduie, is hulle nou besig om ,,silwerkoeëls" in te samel, en in Transvaal het hulle na nog maar net twee maande al byna duisend pond ingesamel. Met hierdie geld gaan hulle 'n republiek vra by die vredestafel.

Hier is ons gesprek onderbreek, maar daardie nag droom ek die gesprek verder. Ek droom die vrede het aangebreek. Smuts het geen verkiesing laat hou nie en staan nog aan die hoof van die Unie-magte. In hierdie hoedanigheid is hy op **staatskoste** na Europa om samesprekings te gaan voer in verband met die vrede. Op die vredeskonferensie het ek Churchill met sy sigaar ook gesien. Langs hom het Roosevelt en Stalin gesit en teenoor hulle Hitler, Mussolini en 'n afgevaardigde van Japan. 'n Mens droom mos nooit heeltemal volledig nie, en gevolglik het ek net hierdie klompie manne om 'n groot tafel gesien sit, elkeen met die vredesvoorwaardes op 'n vel papier voor hom op die tafel.

Meteen word daar aan die deur geklop. 'n Militêre wag kom binne en sê die afvaardiging van Suid-Afrika is voor die deur en wil inkom.

,,Wie is dit?" vra Churchill. ,,Hier sit Suid-Afrika se verteenwoordiger mos — Fieldmarshall Smuts!"

,,Net wettige verteenwoordigers word hier toegelaat," was die antwoord van die voorsitter (ek het hom nie geken nie).

Daarmee was die sakie afgehandel en die besprekings het voortgegaan. Die een oomblik droom ek Engeland het gewen, en dan droom ek weer Duitsland het gewen — net soos 'n droom mos gewoonlik is. Toe die voorsitter pouse aankondig, was ek weer net besig om te droom dat Duitsland gewen het. Ek sien Hitler toe opstaan en by die deur uitstap, en ek loop agterna. Daar voor die deur kry ek dr. Malan en adv. Eric Louw. 'n Gewapende wag het tussen hulle en die deur gestaan.

Toe ek hulle sien, was dr. Malan al besig om aan Hitler te vertel dat hy volksleier is en dat die afvaardiging baie groter sou gewees het, maar weens gebrek aan genoeg silwer koeëls moes die res agterbly.

,,Toemaar, ek kyk nie na getalle nie, maar na waarde," stel Hitler hom gerus, en nooi hom na die wagkamer.

,,Ja menere, wat kan ek vir julle doen?" vra hy.

,,Ons wil graag kom onderhandel oor die republiek," antwoord dr. Malan.

**,,Julle sal natuurlik begryp dat ek julle nie aan die vredestafel kan laat sit nie, want daar onderhandel net die leiers wat oorloggevoer het,"** verduidelik Hitler. ,,Ek stel eise en hulle moet daarop antwoord. Die ander sal julle nie as afgevaardigdes erken nie, en daarom kan ek maar net hier in die wagkamer met julle 'n paar woorde gesels."

Dr. Malan wou nog pleit, maar Hitler haal sy horlosie uit en sê: ,,Oor twintig minute begin die onderhandelings weer, en dan sal julle my nie weer kan sien nie. Maar laat ek nou hoor: julle wil 'n republiek hê, wie is julle?"

,,Ons is die leiers van die Afrikanerdom se staatkundige organisasie, die Herenigde Nasionale Party of Volksparty," val adv. Louw in.

,,O ja, ek het baie van julle gehoor. Dit was mos julle wat destyds toe my soldate se bloed vir hul vryheid gevloei het, so gewaarsku het teen bloedvergieting asof dit so 'n groot sonde is om vir jou volk se vryheid bloed te laat vloei. As ek nie so seker van my saak was nie, sou julle my oortuig het dat ek 'n groot sonde begaan om soveel bloed te laat vloei in belang van my volk se vryheid. Ek ag die vryheid egter van soveel waarde dat ek gewillig is om bloed te laat vloei daarvoor. Maar julle blykbaar nie, en **nou wil julle 'n republiek hê wat gegrond sal wees op die bloed van my Duitse soldate. Wat het julle gedoen om daardie republiek te verkry?"**

,,Ons het 'n mosie in die parlement voorgestel waarin ons 'n republiek geëis het?" was die antwoord.

**,,Het julle geglo dat Smuts die mosie sou aanneem?"**

,,Nee, maar ons het darem propaganda gemaak daardeur."

,,Nou van propaganda gepraat: Weet julle dat ek miljoene ponde spandeer het om ook propaganda te maak in belang van my land se vryheid? Ek moes aan die wêreld se verstand bring dat nasionaal-sosialisme nie hul vyand is nie, soos my vyande hul volke wysgemaak en opgeroep het om daarteen te veg. **Toe het julle party in Suid-Afrika my propaganda lelik gedwarsboom. Eerstens het julle aan jul mense vertel hoe bang hulle vir die nasionaal-sosialisme moet wees en het julle selfs die Ossewabrandwag probeer doodmaak onder die voorwendsel dat hy nasionaal-sosialisties is. Daardeur het julle die vyand gehelp. Tweedens het julle aan jul mense gesê dat hulle niks moet glo wat ons vir hulle oor die draadloos sê nie, want dit is maar sommer ,,amptenaarspraatjies" en nie Duitsland se mening nie. So het julle my propaganda in die wiele gery, en dan verwag julle dat ek nou vir julle 'n republiek moet gee nadat my soldate se bloed gevloei het en julle jul mense van bloedvergieting weerhou het?**

,,O ja, en ek het ook gelees van 'n kongres wat julle in Pretoria gehou het. **Daar het julle eenparig 'n besluit geneem om die Smuts-regering te versoek om my draadloossender op te spoor en dit te vernietig, daardie sender waarmee ek al my inligting uit Suid-Afrika ontvang het.** Julle het dus nie alleen niks gedoen om 'n republiek te verkry nie, en ook nie alleen my propaganda in die wiele gery nie, **maar ook nog vir Smuts, wat teen my geveg het, versoek om my inligtingsbron op te spoor en te vernietig. En dan verwag julle dat ek vir julle 'n republiek moet gee wat ek met my Duitse soldate se bloed moontlik gemaak het?**

,,Ek het gehoor dat die tronke en interneringskampe vol Afrikaners was. Was daar ook van julle mense by?"

,,Nee," was adv. Eric klaar met 'n platvormantwoord, ,,dis net die Ossewabrandwagleiding wat bevele gegee het en Afrikaners in die moeilikheid gebring het."

Ek merk hoe dr. Malan sy elmboog lig om Eric 'n stamp te gee, maar hy mis hom en stamp so hard op my maag dat ek wakkerskrik.

**,,So is my inligting ook,"** hoor ek nog verlaas Hitler se woorde.

## ,,AS DIE GEVAAR VERBY IS..."

Op Beaufort-Wes het dr. Malan verlede week vrae aan dr. Van Rensburg gestel insake sy houding ten opsigte van geweld. Hy het verwys na die feit dat dr. Van Rensburg mense wat weens gêweldpleging veroordeel is as sy mense beskou sodra ,,die gevaar verby is."

Dit is nodig om net daarop te wys dat dr. Van Rensburg onlangs toe twee manne ter dood veroordeel was, in sy oproep insake hul vonnis na hulle verwys het as **,,ons kamerade,"** terwyl dr. Malan hulle uitdruklik verwerp het as **nie sy mense nie.** Blykbaar het dr. Malan op daardie tydstip nog nie die gevaar as ,,verby" beskou nie sover dit homself betref.

Dr. Malan en sy ondersteuners is lief om na Jopie Fourie, wat ook geweld gepleeg en ,,bevele tot geweldpleging gegee het," te verwys as iemand **met wie hulle in verband gestaan het. Beginselbeswaar het hulle dus beslis nie teen geweldpleging nie, soos genl. Kemp dit openlik verlede week in Bloemfontein erken het. Hy keur dit goed mits dit slaag!**

Hulle beswaar is dus net teen die ,,gevaar" wat eers verby moet gaan.

**As na die voorbeeld van Jopie Fourie gelet word, kan dr. Malan se vrae maar gerus vir 28 jaar in die koelkas geplaas word. Teen daardie tyd sal hy self gunstig daarop antwoord net soos hy nou gunstig reageer op die geweldpleging van 1914.**

## OORBODIGE VERKLARING

Op die Vrystaatse H.N.P.-kongres verlede week het een van die partyleiers die volgende beleid insake geweld neergelê, luidens verslag van Die Burger: **,,Spr. het geen etiese of geestelike beswaar teen 'n rebellie nie MITS DIT 'N SUKSES IS."**

Omdat hy nie vooruit weet wat die uitslag van 'n rebellie sal wees nie, is die Party se beleid dus om slegs daaraan deel te neem **nadat die rebellie deur ander tot 'n sukses deurgevoer is — d.w.s. wanneer die buit uitgedeel word.**

Dit is onnodig vir 'n beroepspolitikus om dit as beleid te verkondig — dit is 'n eienskap.

## VROUE-YWER

Veldkte. mev. J. Kloppers van Ladismith het 5s. ontvang om mee te woeker. Sy het 4s. 8d. geneem en dit verwerk tot £5, terwyl asst.-veldkte. mev. Linde en die werkgeselskap van Dwarsrivier die origo 4d. omgesit het in £1-10-0. Tesame het die 5s. dus £6-10-0 opgebring nadat dit deur die vlytige hande van O.B.-vroue gegaan het.

BYEENKOMS!

Die
GOODWOODSE HOOFKOMMANDANTSKAP hou 'n BYEENKOMS
*MAANDAG, 16 NOV. 1942*
om 8.15 n.m. in die
KERKSAAL — GOODWOOD
Spreker:
*H/Genl. Dr. F. du T. van Zyl*
Alle naburige Kommando's word vriendelik uitgenooi.

*AANBOD!!!*

'N BEPERKTE AANTAL VOLLEDIGE STELLE VAN ,,DIE O.B." BEVATTENDE DIE 52 UITGAWES VAN DIE EERSTE JAARGANG, IN BOEKVORM GEBIND, SAL VERKRYGBAAR WEES INDIEN DIE NAVRAAG BEVREDIGEND IS.
teen
12/6 per stel
BESTEL ONMIDDELLIK EN VOORKOM TELEURSTELLING
van
VOORSLAG (Edms.) BPK.
Posbus 1411 - - - - KAAPSTAD.

O.B. KERSFEESKAARTE!!
'n Keuse van vier pragtige kunswerkies met passende versies.
Prys 6/- per dosyn (posvry)
insluitend koeverte.
Verkrybaar van:—
O.B.-HOOFKWARTIER
Posbus 8576 - - - JOHANNESBURG.

# Kroongetuies — H.N.P.-Pers — Ossewa-Brandwag

Pres. Kruger het eenmaal by geleentheid van 'n vergadering die volgende woorde gebesig: ,,Alles wat in die land gebeur is Paul Krier se skuld. As daar 'n kraai oor die land vlieg, is dit Paul Krier.''

Vandag kan gesê word dat die Ossewabrandwag sover dit beskuldigings betref pres. Kruger se erfenis ontvang het. Vir alles wat in die land en selfs daarbuite gebeur, moet die Ossewabrandwag voor vader staan. As daar iets oor die Duitse radio gesê word wat vir sommige mense nie vleiend is nie, is dit die Ossewabrandwag se skuld omdat hy dan met 'n geheime sender sou tokkel.

Die Kommandant-generaal het onlangs nog beklemtoon dat enige persoon maar net kroongetuie kan draai en beweer dat hy 'n misdaad ten behoewe van die Ossewabrandwag gepleeg het, en die Regering is tevrede. As iemand net 'n verklaring in die tronk doen dat hy 'n oortreding begaan het in belang van die Ossewabrandwag, kan hy sy vryheid daarmee koop, soos onlangs op Nelspruit bewys is.

In Pretoria is verlede week 'n man tot agt jaar gevangenisstraf veroordeel op aanklag van diefstal uit fondse van die Provinsiale Administrasie. Die kroongetuie in die saak, ene Van Zyl — dieselfde getuie aan wie die regter kort gelede in 'n ander saak, volgens verslag in Die Burger, gesê het dat dit vir hom moeilik is om sy veragting vir sulke mense soos hy sterk genoeg te stel — het in sy getuienis beweer dat die beskuldigde aan hom sou gesê het dat hy die geld vir die Ossewabrandwag steel en dat hy (besk.) ,,'n majoor in die Ossewabrandwag is''.

**Die beskuldigde self, van wie mens juis sou verwag dat hy soiets sou pleit met die oog op versagting van vonnis, ontken uitdruklik dat hy dit aan Van Zyl gesê het en ontken dat hy 'n ,,majoor'' in die Ossewabrandwag is.**

**Uit die getuienis blyk ook dat die beskuldigde self die grootste deel van die geld vir sy eie doel gebruik het, terwyl geen bewys gelewer is dat die Ossewabrandwag van die geld ontvang het nie.**

**Dit is baie opmerklik, maar nog opmerkliker is die feit dat van alle koerante die H.N.P.-blaaie in hul opskrifte nadruk lê op daardie bewerings dat die geld vir die Ossewabrandwag gesteel is, en selfs hulle behoort by hierdie tyd te weet dat daar nie eens so 'n rang as ,,majoor'' in die Ossewabrandwag bestaan of ooit bestaan het nie — al sou hulle kans sien om die res van die bewerings vir propagandadoeleindes te aanvaar.**

## A.K.G. SE VERGADERINGS

**Die A.K.G., genl. J. A. Smith, spreek vergaderings op die volgende plekke en datums toe:**

**MONTAGU, Vrydagaand, 20 November om 9 nm. op die sportterrein.**

**BONNIEVALE, Saterdag, 21 November om 8.30 nm. op die voetbalveld. Die funksie begin reeds om 6-uur die middag.**


## ONMIDDELLIK BENODIG ! !

**BEKWAME HUISHOUDSTER**

op 'n plaas naby Kaapstad. Moet vir twee mans sorg en het niks met Boerdery te doen nie.

Huis bevat alle moderne geriewe en 'n bediende word aangehou. Werkgewer is net naweke en met vakansies tuis.

**AANVANGSALARIS £4 PER MAAND.**

'n Middeljarige dame of weduwee word verkies.

Rig applikasies met getuigskrifte aan:

**E/T P.A. POSBUS 1411, KAAPSTAD.**


## PAKKIE- EN VOLKSPELEAAND

DIE Papendorp Kommando hou 'n Pakkie- en Volkspeleaand in die Eendragsaal, Soutrivierweg, op Saterdag, 21 November 1942 om 8 n.m. Pannekoek word te koop aangebied. Volkspele word gespeel en Pakkies verkoop. Bring julle Pakkies saam.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 4,581 | 2 | 4 |
| Worcester Manne-Kommando .. .. .. .. .. | 2 | 5 | 6 |
| Porterville Vroue-Kommando .. .. .. .. .. | 3 | 15 | 0 |
| Lys 620, Kaapstad .. .. .. .. .. .. .. .. | 2 | 16 | 6 |
| Kollekte met Vergadering Ceres-Generaalskap | 10 | 12 | 0 |
| Lys 457, Wolraad Woltemade Kom. Maitland | 5 | 16 | 6 |
| Mev. M. E. v. d. Merwe, Grootfontein Middelburg K.P. | 9 | 5 | 0 |
| Beliville Vroue-Kommando .. .. .. .. .. | 2 | 18 | 3 |
| Komdt. Geldenhuys, Parow .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| | £4,619 | 11 | 1 |

**BYDRAES TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Mnr. E. L. v. d. Merwe, Paarl .. .. .. | 6 | 0 | 0 |
| Genl. F. H. Robertson, P.K. Sinksabrug .. | 10 | 0 | 0 |
| Komdte. Mev. K. E. Robertson do | 2 | 10 | 0 |
| | £18 | 10 | 0 |

**TRANSVAAL TOT 24 OKTOBER.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 8,966 | 0 | 3 |
| Kwitansie No. 1237 Kommando 13C5 .. .. | 1 | 2 | 6 |
| ,, ,, 1238 Kommando 9C2 .. .. .. | 7 | 10 | 0 |
| ,, ,, 1239 Kommando 14C6 .. .. | 2 | 17 | 0 |
| ,, ,, 1240 Kommando 3C2 .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1241 Kommando 1B2 .. .. | 18 | 14 | 6 |
| ,, ,, 1242 Kommando 1B3 .. .. | 22 | 9 | 0 |
| ,, ,, 1243 Kommando 2B5 .. .. | | 12 | 6 |
| ,, ,, 1244 Kommando 6A1 .. .. | 4 | 2 | 9 |
| ,, ,, ,, Kommando 6A5 .. .. | 9 | 1 | 9 |
| ,, ,, ,, Kommando 6A3 .. .. | 7 | 10 | 6 |
| ,, ,, ,, Kommando 6A6 .. .. | | 10 | 0 |
| ,, ,, ,, Kommando 6B1 .. .. | 1 | 4 | 6 |
| ,, ,, ,, Kommando 6B2 .. .. | 5 | 12 | 9 |
| ,, ,, ,, Kommando 6B3 .. .. | 9 | 19 | 6 |
| ,, ,, ,, Kommando 6B4 .. .. | 12 | 12 | 0 |
| ,, ,, ,, Kommando 6B5 .. .. | 16 | 17 | 9 |
| ,, ,, ,, Kommando 6B7 .. .. | 24 | 11 | 0 |
| ,, ,, ,, Kommando 6B8 .. .. | 1 | 13 | 0 |
| ,, ,, ,, Kommando 6C1 .. .. | 11 | 16 | 0 |
| ,, ,, ,, Kommando 6C3 .. .. | 41 | 0 | 6 |
| ,, ,, ,, Kommando 6B4 .. .. | 137 | 2 | 11 |
| ,, ,, ,, Kommando 6C5 .. .. | 1 | 10 | 0 |
| ,, ,, ,, Pretoria-Kantoor .. .. | 9 | 15 | 6 |
| ,, ,, ,, Pretoria Jeug .. .. .. | | 11 | 3 |
| ,, ,, 1245 Kommando 8A1 .. .. | | 10 | 6 |
| ,, ,, 1246 Kommando 8B6 .. .. | 7 | 3 | 0 |
| ,, ,, 1247 Bydrae .. .. .. .. .. | 1 | 1 | 0 |
| ,, ,, 1248 Kommando 3B1 .. .. | 1 | 7 | 0 |
| ,, ,, 1249 Kommando 7A2 .. .. | 15 | 3 | 3 |
| ,, ,, 1250 Kommando 3C2 .. .. | 3 | 15 | 6 |
| ,, ,, 1251 Kommando 5A1 .. .. | 6 | 6 | 6 |
| ,, ,, ,, Kommando 5A2 .. .. | 1 | 0 | 0 |
| ,, ,, ,, Kommando 5A3 .. .. | 9 | 8 | 9 |
| ,, ,, ,, Kommando 5A4 .. .. | 5 | 6 | 3 |
| ,, ,, ,, Kommando 5A5 .. .. | 3 | 12 | 0 |
| ,, ,, ,, Kommando 5A6 .. .. | 3 | 8 | 3 |
| ,, ,, ,, Kommando 5B3 .. .. | 5 | 0 | 0 |
| ,, ,, ,, Kommando 5B4 .. .. | 1 | 17 | 6 |
| ,, ,, ,, Kommando 5C1 .. .. | 22 | 11 | 6 |
| ,, ,, ,, Kommando 5C2 .. .. | 15 | 1 | 0 |
| ,, ,, ,, Kommando 5C3 .. .. | 15 | 11 | 0 |
| ,, ,, ,, Kommando 5C4 .. .. | 2 | 2 | 6 |
| ,, ,, ,, Kommando 5C5 .. .. | 5 | 5 | 0 |
| ,, ,, ,, Kommando 5C6 .. .. | 1 | 8 | 0 |
| ,, ,, 1252 Kommando 5 .. .. .. | 25 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1253 Kommando 1C1 .. .. | 14 | 10 | 0 |
| ,, ,, 1254 Kommando 3A3 .. .. | | 10 | 0 |
| ,, ,, 1256 Kommando 9C3 .. .. | 1 | 10 | 0 |
| ,, ,, 1257 Bydrae .. .. .. .. .. | 2 | 12 | 0 |
| ,, ,, 1258 Kommando 9B6 .. .. | | 10 | 0 |
| ,, ,, 1259 Kommando 13B6 .. .. | 1 | 6 | 6 |
| ,, ,, 1260 Kommando 9C5 .. .. | | 15 | 0 |
| ,, ,, 1261 Kommando 2A2 .. .. | 5 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1262 Kommando 10B1 .. .. | 17 | 1 | 0 |
| ,, ,, 1263 Kommando 9A3 .. .. | 23 | 4 | 0 |
| ,, ,, 1264 Kommando 3A3 .. .. | | 12 | 6 |
| ,, ,, 1265 Kommando 8B6 .. .. | | 10 | 0 |
| ,, ,, 1266 Kommando 11C2 .. .. | 1 | 5 | 3 |
| ,, ,, 1267 Kommando 8A2 en 8A5 | 9 | 18 | 11 |
| ,, ,, 1268 Kommando 2C2 .. .. | 7 | 2 | 0 |
| ,, ,, 1269 Kommando 2C3 .. .. | 3 | 14 | 6 |
| ,, ,, 1270 Kommando 2A1 .. .. | 5 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1271 Bydrae .. .. .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| ,, ,, 1272 Kommando 11C5 .. .. | 3 | 16 | 3 |
| | £9,574 | 13 | 4 |

## GESAGSTAAT DAARVOOR NODIG

**Die taalvraagstuk met die ondergeskikte posisie van Afrikaans kan alleen deur gesag opgelos word, want na mate die Empire- of Nasionale partye afwissel om te regeer, na die mate word Afrikaans onderdruk of beskerm. Die partypolitiek het dertig jaar lank tyd gehad om die taalvraagstuk op te los, en hy kon nie. Alleen die GESAGSTAAT kan die taalvraagstuk vir altyd oplos.**


## WOONHUISE EN PLASE

VREDEFORT. — Verskeie goeie woonhuiese te koop. **Pryse £250 tot £1,500.** Nasionale pad deur die dorp. Betreklik naby die Rand. Munisipale water en ligte. **Gesonde klimaat. Hoërskool. Billike belastings.**

PLASE. — Drie goeie plase vir onmiddellike besit. Andere, klein en groot, besit 1943 met deel van oes. Eersteklas distrik vir gemengde boerdery. Doen aansoek by: **Gordon Tomlinson, Vredefort.**

## *Geklassifiseerde Advertensies*

## GEBOORTE

DE KOKER. — Aan mnr. en mev. P. J. de Koker, Langenhovenstraat, Stellenbosch, 'n flukse O.B.-seun op 29 Okt. 1942. Naas die Heer ons dank aan dokter en verpleegster.

FERREIRA. — Aan Asst.-Veldkornet en mev. P. H. Ferreira, van Opkoms, Uniondale, 'n sterk Brandwag-seun. Dank aan die Heer.

## VERLOWING

MINNAAR—SCHUTTE: Die verlowing word bekend gemaak van Lulu, dogter van mnr. en mev. P. W. Schutte, Britstown, met Paul, seun van mnr. en mev. P. J. Minnaar, Silverton, Pretoria.

## HUWELIK

VAN DER WALT — HAUPTFLEISCH: Die familie en vriende van mnr. en mev. S. J. Hauptfleisch, Ceres, word hartlik uitgenooi na die huwelik van hul dogter Bessie, met Louis, seun van mnr. J. L. v. d. Walt, Elliot, op Dinsdag, 17 November 1942, om 6.30 n.m. (D.V.) in die Ned. Geref. Kerk, Ceres. Geen kaartjies. Geen presente. Stadsaal, Ceres.

## DOODBERIG

POTGIETER. — Baie kalm en sag ontslaap in sy Heer, my dierbare en onvergeetlike vader. Die wrede dood het losgeskeur, maar dit was Gods wil. Ek bedank hartlik al die Offisiere en Brandwagte vir hulle onvermoeide liefde en hulp en ook vir blyke van innige meegevoel. Hy was getrou aan sy God, sy Volk, sy Land Suid-Afrika. Die Diepbedroefde Eggenote en kinders, P. L. Potgieter (Jnr.), Georgetown, P.K. Overysel, Dist. P. P. Rust.

PIETERS. — Die 12de Oktober 1942 sal vir ons 'n onvergeetlike dag bly. Die dag wat van ons af weggeneem is deur die dood ons geliefde vader, Johannes Frans Jacobus Pieters. Stil soos hy geleef het, so stil het hy van ons af weggegaan. Aan sy voorbeeld van liefde en vrede sal ons altyd met soete herinneringe dink. Graag bring ons, ons hartlike dank aan die broers wat ons so trou met die siekte gehelp het. Graag noem ons Tys Pieters en Hendrik Nel (Driek), vir hulle opofferende hulp wat hulle altyd so getrou gegee het. **Danie en Sannie Pitout, Franshoek, Bethlehem.**

## IN MEMORIAM

WHITE. — In tere herinnering dink ons terug aan die 15de November 1938 toe ons dierbare vader, Christian White, na sy ewige Tuiste verhuis het. Skoonseuns en Dogters, Junghans en du Toit. ,,Columbus,'' Vredehoek en ,,Bordeaux,'' P.A. Hamlet.

FERREIRA. — Ons dink terug aan die môre van 5 November 1937, toe ons eggenoot en vader so skielik verhuis het na die Land waar die son nooit sal ondergaan, en verlostes vir ewig sal juig.

Daar was geen laaste groet,
Geen liefderyke vaarwel,
Die voorbeeld gegee, alleen is die soet,
As verlangende trane in ons oë opwel.

Moeder en kinders, Opkomst, Joubertina.

## DANKBETUIGING

MNR. en mev. P. P. Schoeman, van de Rust wens hiermee alle Offisiere, Brandwagte en vriende van harte te bedank vir belangstelling betoon gedurende die siekte van mev. Schoeman in die Hospitaal. Die belangstelling word van harte waardeer.

GRAAG wens ek langs hierdie weg alle O.B.-vriende en andere van Knysna, George en Oudtshoorn hartlik te bedank vir hul ondersteuning terwyl ek in die gevangenis was. U hulp het ontsaglik baie beteken en was 'n riem onder die hart in die omstandighede waarin ek my bevind het. Die bande wat gebind is kan deur geen mag ter wêreld ontbind word nie en vorm 'n skakel binnie die organiese geheel van die Boerevolk. Nogmaals my innige dank. **P. Vosloo, Knysna.**

## TE KOOP

WYN. — 5 gelling Port 30/-, Anker 43/6 . 5 gelling Muskadel Jeripigo 30/-, Anker 43/6. 5 gelling soet Muskadel 27/6, Anker 38/6. 5 gelling Worcester Hock of soet Sjerrie 22/6, Anker 32/6. Gelewer Bonnievale stasie. Terme:— Kontant of K.B.A. Beste kwaliteit gewaarborg. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, P.K. Bonnievale.**

## TE KOOP

PLANTJIES, gesond en sterk: Barberton Madeliefies (Daisies): 3/6, 15/- en £6-10-0. Amerikaanse Boomangeliere: Idaho Beauty (pers), Regina (ligpienk), Salmon Regina, Corona (donkerrooi), Pionier (roospienk) en Rex (helderpienk), 3/6, 15/- en £7. Dairy Maid (wit met pienk-pers strepies) 7/6, £1-10-0 en £10. Pryse per 12, 100 en 1,000 respektiewelik. K.M.B., posvry in Unie. **John Smit, Bus 80, Tzaneen.**

## BENODIG

DAME om onderwys te gee, volgens Goewermentssillabus, aan drie dogtertjies van Klas I tot Std. III. Vir verdere besonderhede doen aansoek by: **Meizel, P.K. Glenisla, Natal.**

## BENODIG

SNELSKRIF-TIKSTER. — Applikasies word gevra vir 'n tweetalige Snelskrif-tikster. Inwoning word by Kwekerye verskaf. Bekwaamheids-sertifikate en kiekie moet applikasies vergesel. **Herboldt se Boomkwekerye, Posbus 660, Johannesburg.**


**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 910, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**